

BOEDELBEPLANNING | NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

# Hoe seker is jy van jou huweliksvoorwaardes?

'Ek hou van die aanwasbedeling. Dit beskerm die een party wat dalk op die agtergrond net so hard werk, maar geen bates opbou nie, terwyl die ander party se bates in waarde skerp toeneem.'

Is 'n huweliksvoorwaardekontrak, met of sonder die aanwasbedeling daarop van toepassing, werklik die finale sê as jy bates, byvoorbeeld 'n plaas, nie aan die skoonfamilie of ander buiten jou naasbestaandes wil laat oorgaan nie? Ek meen nie so nie. Kom ons kyk daarna.

Ons kyk eers kortliks na die belangrikste kenmerke van die drie huweliksvorme, wat deur die Wet op Huweliksgoedere (Wet 88 van 1984) gereël word. Ons laat eers tradisionele en sekere geloofshuwelike buite rekening.

## BINNE GEMEENSKAP VAN GOEDERE

'n Huwelik binne gemeenskap van goedere beteken dat albei gades alle bates, wat nie volgens kontrak uitgesluit is nie, gesamentlik in 'n gemeenskaplike boedel om die helfte besit. So tensy jou seun die plaas by sy troue in 'n voorhuwelikse kontrak uitgesluit het, sal die blote feit dat hy trou, die helfte van die plaas aan sy vrou laat oorgaan. As sy te sterwe kom, kan sy byvoorbeeld haar deel aan haar familie, of enigiemand anders, bemaak as sy wil.

Sou jou seun die plaas van jou geërf het en daar was 'n voorwaarde in jou testament dat die plaas uitgesluit is van die regsgevolge van 'n huwelik, sal dit nie deel vorm van die gemeenskaplike boedel nie. Maar, ai, daardie sin wat lui dat die plaas nie in aanmerking mag kom vir skuld nie, is sommer twak.

As jou seun binne gemeenskap van goedere getroud is, gaan hy instaan vir sy helfte van die skuld en gaan sy bates eweneens in aanmerking geneem word, ingesluit die plaas, as beslag gelê sou word op bates weens die nie-betaling van skuld. Daardie tipe klousule het geen regsafdwingbaarheid nie. Iemand draai jou 'n rat voor die oë.

## AANWASBEDELING

'n Huwelik buite gemeenskap van goedere met die aanwasbedeling behels dat alles wat volgens kontrak vóór die huwelik uitgesluit is, uitgesluit sal bly en elke party sal alleen reg daaroor kan uitoefen. Bates wat vererf of geskenk is, is eweneens uitgesluit. By die beëindiging van die huwelik, hetsy deur egskeiding of die dood, het die party wie se boedel die minste groei gehad het (met inagneming van inflasie) tydens die huwelik 'n eis teen die ander een om die helfte van die verskil in die groei van die twee boedels.

Daarom is dit belangrik dat mense wat ingevolge die aanwasbedeling trou, die waarde van hul bates notarieel laat aanteken as hulle trou. Anders gaan daar geag word dat albei se bates nul was wanneer die aanwas-eis onstaan.

Die aanwasbedeling is daarop gemik om 'n billike verdeling te maak van rykdom wat tydens die bestaan van die huwelik verkry is. Ek hou van die aanwasbedeling. Dit beskerm die een party wat dalk op die agtergrond net so hard werk, maar geen bates opbou nie, terwyl die ander party se bates in waarde skerp toeneem. (Dink aan vroue wat hulle afsloof om hul mans ryker te maak en dan op 'n dag vind hulle self het niks nie).

## SONDER AANWAS

Huwelike buite gemeenskap van goedere sonder die aanwas, beteken bloot dat elke party sy eie bates beheer en daaroor kan beskik. Dit is dan ook die huweliksvorm wat aanbeveel word om bates in die familie te behou, of soms sommer uit kleinlikheid, baie keer ten nadele van die een wat "begunstig" wou word, maar ons los dit liefs eers daar.

Alles is egter nie so klinkklaar en duidelik soos dit hierbo staan nie. En ek wil veral fokus op bates wat volgens huwelikskontrak uitgesluit word uit die huwelik.

Eerstens die effek van 'n testament. Byvoorbeeld: As jou seun – ondanks jou aandrang dat hy buite gemeenskap van goedere trou – nie 'n testament nalaat by sy dood nie, sterf hy intestaat. Sy boedel sal dan ingevolge die Wet op Intsestate Erfopvolging (Wet 81 van 1987) vererf. En raai wie staan eerste? Sy vrou. As hy kinders het, sal sy vrou en kinders elk 'n gelyke deel erf, maar as hy nie kinders het nie, sal sy vrou die plaas en alles wat hy besit, oorneem. Weg is die plaas.

Selfs al het hy 'n testament, is dit baie moontlik – en dit gebeur byna daagliks – dat daar om die een of ander rede nie uitvoering aan die testament gegee kan word nie. Dit kan ook gebeur dat sekere bates, waaronder die plaas, nie kan vererf nie. Dan word daar teruggeval op die intestate erfreg en . . . weg is die plaas. Gaan dink gerus weer oor goedkoop boedeladvies en gratis testamente.

Om die probleem te voorkom, kan daar benewens 'n korrek opgestelde testament ook in die huwelikskontrak reeds bepaal word hoe die plaas by dood vererf sal word. Dit is die een beperking op testeervryheid wat in die reg erken word.

'n Ander probleem wat met die behoud van die plaas in die familie kan ontstaan, kry ons in die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990). Dié wet bepaal dat 'n gade 'n eis teen die boedel kan instel om onderhoud tot die mate dat dit hom of haar in staat sal stel om 'n soortgelyke lewenstandaard te handhaaf as waaraan hy of sy vóór die dood van die gade gewoond was.

Dié eis kry voorkeur bo enige bemaking en het dieselfde regskrag as 'n eis van 'n minderjarige kind. As daar nie geld is nie, is dit totsiens aan die plaas.

Dít is hoekom kundige boedelbeplanning nodig is. Die slaggate lê in die reg verskuil.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* **LBW**

**KORTOM**

- Die Wet op Huweliksgoedere reël drie huweliksvorme: Binne en buite gemeenskap van goedere en die aanwasbedeling.
- Die aanwasbedeling maak voorsiening vir die billike verdeling van rykdom versamel tydens die huwelik.